# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 23 JULIE 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
Ds Marco le Roux

Die doop word bedien aan die babaseuntjie van Neil en Janika Delport. Ds Marco le Roux van GK Reitz is familie van die ouerpaar en hy lei vanoggend die erediens en bedien die Doop. Baie welkom aan al die familie en vriende wat vandag saam in die erediens is - ons is saam met julle dankbaar.

**Tema: Doop wys erfenis!**

Hoewel Titus ‘n persoonlike brief is, gee dit die verlossingsfeite vir elke gelowige deur. In die besonder word daar hier vir ons gewys dat die reddende genade van God tot ons verskyn het! God se redding word vir ons gewys deur die bad van die wedergeboorte (vers 5). Hierdie bewoording is sinoniem vir die Doop. Daarom wys die Doop na ‘n pertinente belofte van die evangelie. Hier volgens Titus: ons is deur genade geregverdig en ons is erfgename.

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Sb 12-3: 1, 2 ; Votum; Seëngroet; Loflied: Ps 147-1: 1, 2; Geloofsbelydenis

**Verootmoedigingsdiens**
Wet ; Sing: Ps 38-1: 1, 8, 17 (tweede melodie); Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Titus 3: 1-7 (1033/53-vertaling)
Teks: Titus 3: 7; Sing: Ps 25-1: 2, 7; Woordverkondiging

**Bediening van die Sakrament**
Doopformulier; Bediening van die doop; Sing: Ps 105-1: 5

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing: Ps 90-1: 1, 9; Seën; Amen Sb 13-2.

**GROEPBEDIENING**

Ons moedig al ons kleingroepe aan om weer met hulle byeenkomste te begin na die skoolvakansie. Mag julle almal baie opbouende samekomste beleef.

**Julie/Augustus 2023**



**Kom ons bid saam…**

*"1 Tim. 2: 1-4" Heel eerste versoek ek dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word, vir konings en vir almal wat gesagsposisies beklee, sodat ons 'n rustige en stil lewe, in alle godvresendheid en waardigheid, kan lei.*
*Dit is goed en reg in die oë van God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense verlos word en tot kennis van die waarheid kom.*

- Ons bid saam vir die woordverkondiging van die predikante, in besonder ds Piet wat die leiding neem. Versterk hom deur die Heilige Gees vir sy werk as pastor, verkondiger van die Woord, vir sy rol as eggenoot, pa en oupa.
- Ons bid saam vir die geestelike leiers: elke ouderling, diaken en kleingroepleier – mag elke leier leef en lei soos wat Jesus gedoen het.
- Ons bid saam vir ons kinders – gee dat elke kind vreugde sal ervaar om meer van U te leer.
- Ons bid vir elke kategeet, kleuteronderwyser – laat hul voorbeeld ook vir ons kinders 'n voorbeeld wees.
- Ons bid vir ons vrouens in die gemeente: elke vergadering, aksie of dienswerk waarmee ons besig sal wees.

Ons bid saam as gemeente vir die laaste voorbereiding vir die OosDopperfees. Mag elke gedagte, daad en aksie tot eer van die Here alleen wees! Baie dankie vir elke gesindheid, skenking en gewillige hande. Aan U al die eer!

Ons bid in besonder vir die werk van Harvesters – vir 'n vrugbare toekomstige oes, veral die werk wat in Europa gedoen word in hierdie lente! Bid vir elke sendeling, evangelis en werker daarby betrokke! *Rom. 1: 9 "God, wat ek met hart en siel dien deur die evangelie van Sy Seun te verkondig, is my getuie dat ek gedurig in my gebede aan julle dink. Elke keer as ek bid, vra ek God of Hy dit nie uiteindelik vir my moontlik wil maak om julle te besoek nie."*

*Bid saam vir elke broer of suster wat swaarkry agv siekte, ouderdom of eensaamheid. Help ons om hulle te help!*

**Ons bid dit in die naam van Jesus Christus, ons Here! Amen**

---

Jy kan deel word van voorbidding: Elim, Sondag-oggende 09:00, of jy kan ook saam voorbidding doen deur deel te word van die Whatsapp-groep. Kontak my gerus by **072 449 1982**

## MEELEWING

- Hannatjie du Plessis reageer baie goed op haar chemoterapie en ons bid dat die Here die behandeling sal seën. Ons is dankbaar vir elke goeie dag.
- Rita Kleynhans ondergaan more 'n rugoperasie in MooiMed Hospitaal en ons vertrou dat alles goed sal afloop.
- Andries du Plessis het 'n terugslag beleef met infeksie wat in die wond op sy wang ingetree het. Hy het sy chemoterapie voltooi en sodra die infeksie opklaar sal

hulle met bestraling begin. Hy ervaar baie pyn en ongemak en ons bid hom baie sterkte toe. Sy suster is ook onlangs oorlede en ons bid hulle die troos van die Here toe.

- Douw Grobler het 'n hartstilstand beleef maar gelukkig het sy pasaangeër ingeskop en die hart weer aan die gang gekry. Sy swaer is ook onlangs oorlede.
- Pieter en Susamarie de Villiers se dogter Blanche het baie intensiewe sorg en terapie nodig na haar breinoperasie en ons bid hulle baie sterkte toe met haar versorging en die bystand wat hulle lewer.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

### ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

### BAIE GELUK

Jacque en Chantelle du Plessis het 'n seuntjie uit die hand van die Here ontvang. Ons is saam met hulle baie dankbaar.

### BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie Les 13
Tee en koffie
Groepbediening

**Maandag**
18:30 Bedieningsdiensgroep skuif na volgende Maandag 18:00

**Dinsdag**
18:00 Sustersbestuur
Geen Katkisasie gr 8 - 10

**Woensdag**
17:00 Katkisasie gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

### AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 4 en 5.

### VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 23 Julie**
Br Peet du Plooy

**Maandag, 24 Julie**
Br Dirkie Bloem
Sr Charlene Havenga

**Dinsdag, 25 Julie**
Sr Anelle Venter

**Woensdag, 26 Julie**
Jbr Corniel Coetzer
Br Hendrik vd Walt
Br Dawie v Zyl
Br Jaco Venter

**Donderdag, 27 Julie**
Jsr Lindsey de Kock
Br Gert Kruger
Br Jurie Quass

**Vrydag, 28 Julie**
Br Paul du Plessis *
Jsr Tiarie Joubert
Jsr Arianna v Deventer

**Saterdag, 29 Julie**
Sr Anette de Villiers

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## OOSDOPPERFEES
## 5 Augustus 2023

Ons fees se datum is spesiaal geskuif vir julle wat gevra het!
Nou het ons jou daar nodig!

### Hulplyste

Kom skryf jou naam nog vandag op die hulplyste in die portaal! Ons het jou nodig om al ons produkte te verkoop, maar ook lekker saam met ons die dag deur te bring.

### Dankbaarheidsvorm

Vandag ontvang elkeen die Dankbaarheidsvorm in die Dienelkander. Indien jy dit nie gekry het nie,is daar ook vorms in die voorportaal van die kerk en by die hulplyste in die saal. Hier kan jy vir ons aandui wat jy graag wil bydrae of waar jy wil help. Dit help ons om die beplanning te doen vir elke stalletjie. Vul asb sommer dadelik in en onthou om jou bydraes betyds af te gee. Ons sperdatum hiervoor is die 31ste Julie 2023.

**POEDINGTAFEL BENODIG POEDINGS!**

Hier is 'n maklike resep as jy nog nie besluit het wat jy gaan maak vir die poedingtafel nie, maak sommer hierdie een!




**Vir nog resepte of as jy kan kom help, kontak die poedingtafeltannie - Anelle Venter 0765217696**

## Gebaktafel

Ons is opgewonde oor ons gebaktafel en wil julle aanmoedig om vir ons alles te bring wat lekker is om daar te verkoop. Dit hoef nie groot items te wees nie. Eenlaagkoeke, asook kleiner koeke (gebruik kleiner apparaat, bv groot koeldrankblikke of 'n klein kastrol) om kleiner koeke te bak, kleiner pakkies koekies, broodjies, "skons", "muffins", beskuit, ens. Sal waardeer as julle die gebak vir ons reeds verpak bring, vroeg Saterdagoggend. Indien jy verpakking nodig het, kom maak

Vrydag, 4 Augustus 'n draai om verpakking te kry.



## BOEKE - GROOT ASSEBLIEF!

Ons gewilde Boeke-Oase stalletjies het lekker leesboeke nodig om te verkoop! Dus, bring asseblief die LEKKERLEESBOEKE wat in u pad is of lê en stof vergaar, kerkkantoor toe. Kinderboeke sal veral welkom wees!

## GKSA-NUUS

Beroepe ontvang
• Ds GD (Orrie) Oosthuizen van GK Vaalharts na GK Empangeni.

## KENNISGEWINGBORD

- Tuinwoonstel te huur: Kontak Pieter de Villiers 082 366 0446
- Massa Mannesang, 20 Aug te Miederpark Kerkgebou

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## Nuus vanaf die Sustersbestuur – Ons groet en verwelkom!

Hiermee groet ons vir Elsie Ferreira as blokleier. Baie dankie vir jou hardewerk en toegewydheid as blokleier van Blok D. Groot waardering vir jou insette en bydrae.

Graag verwelkom ons vir Nicolette Visser wat vir ons die leisels in Blok D oorneem by Elsie.
Ons sien uit om saam met jou te werk Nicolette dankie vir jou bereidheid om deel te wees van die Sustersbestuur.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.

## SUSTERSBYDRAE en BLIKKIES-WARMHARTE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.

## KWARTAALPROGRAM

| DERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **25-Jul** | **Dinsdag** | **18:00** | **Bestuur** | **Sustersbestuursvergadering** |
| 01-Aug | Dinsdag | 18:00 | Groepsusters | Groepsustersvergadering |
| 1-4 Aug | Week | 13:00 en 18:00 | Naamlys | Oosdopperfees - vleiswerk - etes |
| 05-Aug | Saterdag | 09:00 | Almal | Oosdopperfees |
| 10-Sep | Sondag | 19:00 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 17-Sep | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| 26-Sep | Dinsdag | 18:30 | Blok C | Potch-Oos Sustersafsluiting |



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ŉ georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ŉ lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |